higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N6

(10010546)

9 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit tikpapier

Kandidate mag tekeninstrumente en sakrekenaars gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en DRIE addenda van 4 bladsye.

276Q1J2109

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   TOTAAL: 200 punte

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Alle sketse moet in vyfdeskaal gedoen word, tensy anders vermeld.

6. Geen los dele sal nagesien word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die knipinstruksies op 'n patroon word identifiseer deur die … op die patroonstuk.

A patroondeel
B draadlyn
C uitrustingnaam
D stylnommer

1.2 Die broekspyp se buitenste naat word gemeet van die …

A middellyf af aan die buitekant van die been.
B heuplyn af aan die buitekant van die been.
C middellyf af aan die binnekant van die been.
D middellyf af aan die voorkant van die figuur.

1.3 Paslyne is dieselfde as … lyne.

A vou
B soliede
C stik
D knip

1.4 Kepe word geplaas op …

A slegs die styllyne.
B al die nate.
C slegs die vertikale nate.
D die soomlyn.

1.5 Om die blok vir 'n pasjas te teken, word die … blok gebruik.

A lyfie
B rok
C jas
D romp

1.6 Die gulp op 'n mansbroek sluit …

A links oor regs.
B regs oor links.
C op die middel voor.
D soos verkies.

1.7 Die silhoeët van 'n man is …

A nouer na onder.
B ovaal.
C vierkantig.
D reghoekig.

1.8 Om 'n mesplooi in 'n patroon te voeg, maak die diepte van die plooi ... .

A een maal
B twee maal
C drie maal
D vier maal

1.9 Agter- en voorkant van lyfieblokke is nie nodig wanneer hierdie kraag gemaak word nie.

A Matrooskraag
B Hempskraag
C Peter Pan-kraag
D Sjaalkraag

1.10 Knoopsgat op 'n man se kraagstrook word … geplaas.

A horisontaal.
B vertikaal.
C diagonaal.
D soos verkies.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Amerikaanse skouerstuk word gesny uit … lae materiaal.

2.2 Die pylnaat op die skouerlyn van die basiese lyfieblok word … pylnaat genoem.

2.3 'n … is 'n driehoekige insetsel wat uitklokking by die soomlyn bied.

2.4 Om die middellyf is 'n voorbeeld van 'n … mate.

2.5 … is die patroonmerke wat op die kniplyn geplaas word om te help met die passing van die uitrustingdele.

2.6 'n Laag stof wat op 'n belegsel geplaas word om dit te verstewig, is …

2.7 Die lyftoenamemate is 'n wesentlike mate wanneer die … blok geteken word.

Kopiereg voorbehou

2.8 'n Eenstukrokblok is geskik vir die aanpassing van 'n … blok.

2.9 Patroonkonstruksie is die fondasie vir 'n basiese … patroon.

2.10 … is die hoogste plasing van 'n punt of draaipunt.

(10 × 1) **[10]**


VRAAG 3

3.1 Identifiseer die volgende soorte moue en krae wat (3.1.1–3.1.10) hier onder genommer is.

3.1.1



3.1.2




3.1.3




3.1.4




3.1.5 

3.1.6 

3.1.7 

3.1.8 

3.1.9 

3.1.10 

(10 × 2) (20)

3.2 Verduidelik kortliks die volgende terme wat in patroonkonstruksie gebruik word.

3.2.1 Juiste posisie ('trueing')

3.2.2 Patroonlyn

3.2.3 Armsgat

3.2.4 Buusteprominensie

3.2.5 Wig

(5×2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Al die sketse en manipulasie moet in vyfdeskaal gedoen word.

2. Blokke moet op die wit tikpapier gemaak word.
Gebruik 'n dunpunt-viltpen om duidelike konstruksielyne te maak. Moenie die sketse uitknip nie. Plak die skets(e) in die ANTWOORDBOEK.

3. Genoeg basiese blokke word voorsien vir die beplanning en manipulasie. Dit is dus nie nodig om enige van die blokke in die beplanningstadium na te trek nie. Natrekking vind slegs na die beplanningstadium plaas.

4. Manipulasies moet direk in die ANTWOORDBOEK geplak word. Voeg naat-en soomspeling by, indien nodig.

5. Geen los dele sal nagesien word nie.

6. Slegs die fotokopieë van die blokke wat met hierdie vraestel voorsien is, mag gebruik word.

7. Nommer al die vrae duidelik en korrek.

8. Moenie ’n rooi of groen pen gebruik nie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: FIGUURWANVERHOUDINGS EN VERSTELLINGS

4.1 Verduidelik waar lynaanduidings geplaas kan word vir patroonverstellings wat moet verander vir die genoemde blokke hier onder.

4.1.1 Lyfie

4.1.2 Romp

4.1.3 Broek

4.1.4 Mou

(4 × 3) (12)

4.2 Gebruik die damesromp se voor- en agterkant op ADDENDUM A (aangeheg) en dien die volgende verlenging van die patroon in.

4.2.1 Beplanning van voor en agter met 2 cm. (12)

4.2.2 Werkspatroon vir voor en agter. (16)

[40]

VRAAG 5: GELYKMAKING

Verduidelik kortliks die volgende terme vir gelykmaking.

5.1 Eenvoudige gelykmaking

5.2 Val

5.3 Blokgelykmaking

5.4 Opgelegde gelykmaking

5.5 Skuifgelykmaking

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 6: SKETSING

Gebruik ADDENDUM B (aangeheg) van die dameslyfieblok nommer 13 en teken die semi-passende onderbaadjieblok nommer 13 op vyfdeskaal deur die instruksies hier onder te volg:
Voor

1 Merk A by middel voorste skouerneklyn

2 Merk B by die skouerlyn

3 Skuif 2,5 cm van A na binne om die skouer korter te maak weg van die neklynpunt.

Kopiereg voorbehou

4 Skuif 2,5 cm van B na binne om die skouernaat korter te maak.

5 Laat sak die neklyn met 17,5 cm op die middel voorste lyn.

6 Voeg 1,5 cm by vir die knoopstrook op die middel voorste lyn. Teken die voorste neklynomslag oor die rant.

7 Laat sak die armsgat met 4 cm. Maak die armholte om aan te sluit by die B punt.

8 Verleng die synaat met 1,2 cm vir nuwe onderbaadjie se synaat, laat sak hierdie synaat met 5 cm van die middellyflyn en skuif uit met 2,5 cm om die synaat te vorm.

9 Kry die middel van die onderbaadjie en maak haaks 10 cm van die onderbaadjie se soom.

10 Vermeerder wydte by armsgat en omslagpunte 1,2 cm en laat sak armholte 2 cm. Maak die kromming van die hempsmoukop oor.

11 Teken nuwe naatlyne vir die mou.
Voeg draadlyne by en benoem die blok.

(17)

Agter

1 Merk A by die middel agterste skouerneklyn

2 Merk B by die skouerlyn

3 Skuif 2,5 cm van A na binne om die skouer korter te maak, weg van die neklynpunt.

4 Skuif 2.5 cm van B na binne om die skouernaat te verkort.

5 Laat sak die neklyn met 17,5 cm op die middel voorste lyn.

6 Voeg 1,5 cm by vir die knoopstrook op die middel voorste lyn. Teken die voorste neklynomslag oor die rant.

7 Laat sak die armsgat met 4 cm. Maak die armholte om aan te sluit by punt B.

8 Verleng die synaat met 1,2 cm vir die nuwe onderbaadjie se synaat, laat sak hierdie synaat met 5 cm van die middellyflyn en skuif uit 2,5 cm om die synaat te vorm.

9 Kry die middel van die onderbaadjie en maak haaks 10 cm van die onderbaadjie se soom.

10 Vermeerder wydte aan die onderkant van armsgat en mou-omslag se punte met 1,2 cm en laer armholte met 2 cm. Maak die kromming van die hempsmoukop oor.


11 Teken nuwe naatlyne vir die mou.
Voeg draadlyne by en benoem die blok.

(18)
[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: MANIPULASIE

Stylontleding is die vermoë om te kyk na ’n ontwerp of ’n modeskets of ’n kledingstuk en dan te visualiseer watter verstellings aan die basiese blok nodig is om die patroon te skep.
Bestudeer die skets hier onder van ’n ONDERROK en dien die volgende in:




Gebruik ADDENDUM C wat geheg is aan die damesonderrokblok, voor en agter grootte13 en dien die volgende manipulasies van die skets hier bo op vyfdeskaal in.

7.1	Beplanningsfase van die onderrok se voorkant	(23)
7.2	Beplanningsfase van die onderrok se agterkant	(17)
7.3	Finale patroon van die voorste broekdeel	(10)
7.4	Finale patroon van die middel voorkant van onderrokbostuk	(10)
		[60]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200


Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A




Kopiereg voorbehou


ADDENDUM A (VERVOLG)



ADDENDUM B



ADDENDUM C



Kopiereg voorbehou